## 10 Maart — Maleagi 3:13-18

### *Wat sê jy?*

Met ons woorde skep ons vir onsself 'n leefarea, óf 'n hoopvolle en vredevolle omgewing óf 'n atmosfeer van spanning en wanhoop.

Die Here beskuldig hierdie volk wat voeling met Hom verloor het dat hulle vermetele dinge oor Hom gesê het. Weereens pleit hulle onskuldig. Hy wys hulle egter op hulle eie woorde: "Dit is nutteloos om God te dien". Hier lê die wortel van die volk se koudheid. Hulle godsdiens was vir hulle nutteloos. Hulle dink die Here hou nie sy beloftes nie. Hulle was negatief en afbrekend. Hulle ingesteldheid het uit hulle gesprekke na vore gekom.

Daar was egter ook mense in Jerusalem wat nog eerbied vir die Here gehad het. Hulle het met mekaar oor die geloof gepraat. Hulle gesprekke was positief en opbouend. Die Here hoor ook hulle woorde en Hy laat hulle name in 'n gedenkboek opteken. Toe Christus gebore is, lees 'n mens van 'n informele groep mense in Jerusalem, waarvan Anna en Simeon onder andere deel was. Hulle het gelowig die koms van die Messias afgewag. Hulle was waarskynlik die nageslag van dié mense in Maleagi se tyd. So hou die Here sy ware kerk in stand.

Wat is die ingesteldheid en die inhoud van ons gesprekke? Praat ons oor onsself en ons eie prestasies? Praat ons gedurig net oor die dinge van hierdie wêreld? Ons moet met mekaar oor die verlossingsdade van die Here ook praat. Ons moet geloofsopbouende gesprekke voer. Of is dit nie vir ons belangrik genoeg nie?

Sing: Skrifberyming 43:4, 5 Ds. DJ. de Kock (Pietersburg-Suid)